**_ELJADA HUIS MSW_**

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

22 Mei 2013

Dagsê Almal

**My storie**:

Met baie trane en belydenis voor almal is die probleem van verlede week met die genade van ons Skepper hanteer. Sy bly aan en almal het onderneem om te help om die probleem waarmee sy al 'n geruime tyd worstel te oorkom. Die hele dag sien ek haar oë skiet kort kort vol trane maar sy bly besig en was die hele huis se vensters. Tot vandag toe bespeur ek werklik 'n poging van haar kant om daardie ou mens te kruisig en ek dank my Skepper weereens.

Dankbaarheid vul my gemoed toe 'n ander mensie so mooi getuienis aflê – "Tannie Annatjie, vandat ek begin het om my tiende by te dra, al verdien ek so min, is daar 'n sigbare verskil van vrede en voorspoed in my lewe en ek besef nou waarom die Here dit van ons eis as teken van ons dankbaarheid." Prys die Here.

Die eerste keer in die 3 jaar wat ek nou hier is ervaar ek ook 'n positiewe gesindheid van iemand wat "skuldig" voel oor hulle so baie ontvang en wil weet hoe kan sy iets teruggee. Sy voel dit is nie reg dat hulle net ontvang nie en wil baie graag iets doen om self 'n inkomste te begin verdien. Tans is ons besig om 'n ernstige pad van herstel met haar te stap want in haar totale bestaan tot sy hier by ons beland het was sy nog altyd net verwerp en weggestoot. Wanneer ons met haar gesels is die vrees van verwerping duidelik in haar wese sigbaar. Sy was reeds met ons hulp by 'n psigiater en kry medikasie en weeklikse berading by 'n sielkundige en as ek terugkyk kan ek sien daar is verbetering. Volgens haar is ek die eerste mens wat vir haar liefde gee sonder om iets terug te vra en ook die enigste mens wat sy vertrou. Dankie Vader dat U my in staat stel om vir haar hierdie Jesus liefde te kan gee. Amen.

Daarmee saam is haar opregte begeerte om juwele te maak en ek vra hulp asseblief met die verkryging van die gereedskap. Dit is dan ook deel van haar terapie.

Ek wil ook graag vir julle vertel van Alma Kotze wat vir die vroue kom leer "doodle" het. Volgens terapeute blykbaar 'n baie goeie manier van ontspan en elkeen hier ervaar ook dat wanneer hulle eers gaan sit met die pen en papier dan raak hulle weg in hul eie wêreld en raak skeppend. Met groot trots word dit dan vir my gewys en ek staan verstom oor die resultate. Sy leer hulle ook ander vaardighede. DANKIE Alma vir jou liefde wat jy met soveel oorgawe met ons kom deel. Dit word opreg waardeer.

Ons beplan om dan weer hierdie jaar 'n markdag te hou. Dankie GK Rietvallei wat weer hulle fasiliteite vir ons beskikbaar gaan maak en ek wil nou reeds vra dat julle 2 November 2013 sal oophou om

ons te kom ondersteun. Indien u wil help met die voorbereiding en bemarking sal ek dit baie waardeer. Die doel van hierdie mark soos in die verlede is om die produkte wat waarlik van hoogstaande gehalte is, te koop aan te bied. Die huismense is onbeskryflik opgewonde en die gedagtes en idees hardloop weg. Weereens ervaar ek die wonder van ons Skepper om hier by die swaarkry mense te sien hoe liefde hul help om die swaarkry bietjie te vergeet en ek staan weer stil dankbaar voor julle almal wat my daarin ondersteun met hulpmiddele maar veral jul gebede. Dit dra my, Petro en Phina deur die dag. Ek dink nie julle besef hoeveel gebede uit ons gemoedere elke dag met sy uitdagings na Bo gaan nie.

Sjoe, ek het 6 mense wie se oë getoets moet word en wat brille gaan benodig. Dit het veral nou uitgekom met die maak van die knielkussings toe die vroue begin kla hulle kan nie sien nie. Ek het dus borge nodig om daarmee te help asb. Dit werk ongeveer R300 – R500 per persoon uit vir die maak van die bril want die toets is gratis by Pretoria Wes Hospitaal. Dan is daar ook 3 kindertjies vir wie brilletjies benodig word. Ek wil graag die toetse volgende week gaan doen. Baie dankie by voorbaat vir jul hulp.

Dis winter en almal kry koud en gister het ek sommer so rondom die tafel gevra of hulle warmwatersakke sal gebruik en wat ‘n reaksie. Die mees kommerwekkende opmerking was dat hulle sommer ‘n 2 liter Coke bottel gebruik en ek word yskoud van angs want daar is drie klein kindertjies betrokke en met die gedagte aan lek en brand vra ek dringend hulp hiermee asseblief. Ek benodig ongeveer 30 sakke.

**Ons behoeftes:**

***KOS GROOT ASSEBLIEF*** –

* Blikkies – vleis, vis en groente
* Soja, rys, macaroni en spaghetti
* Koffie, tee, suiker en boksmelk
* Broodsmere – margarien, konfyt, stroop, grondboontjiebotter, Bovril
* Kookolie, eiers en koekmeel
* Vars vleis, groente en vrugte

*** Toiletware – badseep, tande pasta, sjampoe, spuitgoed, aanrol, skeermesse, sanitêre doekies, handeroom, toiletpapier, was poeier en sunlightseep.

**Ander behoeftes:**

# Komberse
# Enkelbedjies met matrasse vir 2 mans, driekwartbed matrasse vir 2 kinders en stapelbedjies(die wendy huisies is baie klein.
# Margarien of ander lee plastiese houers en blikke,
# Ou krale, knope, kant en lintjies
# Ou hangers, skottels en bakke
# Plastiese sakkies

Eljada Huis groete
Annatjie